# <u>Wat is my waarde? (10-03-2024)</u>

## <u>Wat is waarde in die samelewing?</u>

Getrouheid, eerlikheid, integriteit, spanwerk, geregtigheid, moraliteit, vertroue…

Die dinge wat voorspoed en geluk veroorsaak. Dit het vir ons waarde, want dit is waardevol.

## <u>Hoe bepaal 'n mens sy eie waarde?</u>

- Ons almal kom in die wêreld as 'n kindjie met die behoefte dat ons eie lewe saak maak en 'n waarde het.
- Daarom ontsyfer ons die kriteria wat ons waarde gee, sodat ons deur mense aanvaar kan word en met hulle 'n koppeling kan maak en 'n verhouding kan hê.
- Hierdie ontdekking van die kriteria wat ons waarde bepaal, gebeur van baba-tyd af en die persone wat die grootste invloed op ons ontsyfering van waardebepaling het, is ons ouers.
- Ons opvoeders bepaal dus grootliks ons eie waardesisteem waarvolgens ons ons eie waarde bepaal.
- Slotsom: Ons almal se waardebepaling verskil en ons almal het dit by mense geleer wat geen idee het van wat dit moet wees nie.

## <u>Die natuurlike behoeftes van kinders.</u>

1. Om waardeer te word (jou waarde moet deur jou ouers en ander mense bepaal word en dit moet goed wees). Op grond van die ouers se waardering bepaal die kind wat sy eie waarde is.

*Voorbeeld:*

- "Jy is so oulik om altyd die huis skoon te maak", beteken my waarde is daarin om die huis skoon te maak en indien ek altyd die huis skoonmaak, is ek waardevol.
- "Jy is so mooi, as jy groot is gaan al die seuns van jou hou", so my waarde is in my liggaam en hoe ek lyk.

- “Hou op om altyd so sensitief te wees”, beteken vir die kind dat hy minder waarde het as hy sensitief is. Sensitiwiteit is ‘n nadeel en maak my waarde minder.

2. Om aanvaar te word deur die gemeenskap, gee my waarde. (Die dinge wat maak dat mense met my vriende wil wees)
   - Goed met sport
   - Is grappig en kan stories vertel
   - Mooi

Sodra ‘n kind agterkom dat sekere prestasies waarin hy kan presteer maak dat mense hom waardeer, begin hy daarna streef. Later, as hy suksesvol daarin word, word dit sy bates en eienskappe wat hom waarde gee.

***Die gesin* se waardesisteem word die kind se waardesisteem:**

- Wat is dit wat pa nastreef en wat maak hom gelukkig?, want dit word die kind se waardes.
- ‘n Groot huis, ‘n groot kar, ‘n hoë posisie by ‘n groot maatskappy. Vir die kind word dit die belangrike goed en dit moet bereik word om waarde te hê.
- As hy dit nie bereik nie het hy ‘n lae, of selfs geen waarde in sy eie oë nie.

***Die gemeenskap*-waardesisteem**

Dit wat die gemeenskap bepaal, word my waarde en waar my eie gesin swak in was, volg my waardesisteem die gemeenskap. Wat gebeur op skool, wat is op die TV?

- Mooi mense
- Ryk mense
- Atlete
- Suksesvolle mense

Ek moet dus mooi wees, goed in sport wees en baie geld hê en dan sal ek ‘n hoë waarde hê en geliefd wees en met mense verhouding kan hê. As ek nie presteer soos die mense op die TV nie, het ek nie waarde nie.

**Gevolgtrekking:**

- ‘n Kind glo alles wat vir hom gesê word, ongeag of dit waarheid is en of dit leuens is.
- Sy waardebepaling word gebou op sy waarneming van dit wat sy ouers en die samelewing bepaal en daarmee gaan hy die lewe in.
- Ons almal se waardebepaling van ons self, gebeur deur ons self te meet met die maatstaf wat iemand anders vir ons gegee het.

1. Omdat ons onsself dus meet aan **wat** ons is en nie **wie** ons is nie, en omdat ons nie kan presteer volgens die standaard wat ons vir onsself gestel het, volgens die kriteria waarop ons self besluit het nie, sal ons altyd ‘n swak selfbeeld hê en altyd teleurgesteld in onsself wees.
2. Ons het ons waarde bepaal op **wat ons is**, en nie **wie ons is** nie. Dit geld vir alle mense, selfs die wat reken dat hulle nie ‘n swak waarde het nie, hulle het net ‘n manier gevind om dit te ignoreer en te verwerk.
3. Die van ons wat wel presteer volgens die vereistes wat volgens onsself vir ons ‘n hoë waarde gee, goeie sportman, mooi liggaam, goeie werk, ens, sal net tydelik tevrede wees met ons eie hoë waarde, want daar kom altyd ‘n beter sportman wat jou uitstof. My liggaam word oud en onaantreklik en ek tree af by die werk en my waarde van ‘n hoë pos verdwyn.
4. Ons waarde is dus in wat ons doen en nie in wie ons is nie, want ons **weet nie wie ons is nie** en die waardebepalings-kriteria wat ons vir onsself aangeneem het, kan net die sienlike waarneem, maar ons waarde is nie in die sienlike nie.

## Wat is ons waarde volgens ons Vader?

**1 Korinthiërs** 6:20 Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

**Openbaring** 5:9-10 Toe sing hulle ‘n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u

bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, 10 en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.

**1 Petrus** 1:18-19 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, 19 maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,

**Romeine** 5:6-8 Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. 7 Want nouliks sal iemand vir 'n regverdige sterwe vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe 8 maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

**Wat is ons waarde?** Ons waarde is gelykstaande aan Yashua se lewe, want Hy het sy lewe vir ons gegee sodat ons kan lewe. Hierdie waarde van ons is nie bepaal volgens ons optrede of prestasie wat deur ons ouers of die gemeenskap bepaal en goedgekeur is nie, maar hierdie waarde was bepaal toe ons nog sondaars was. Gevolgtrekking: Ons het dus 'n waarde (ons is waardevol), maar hierdie waarde van ons word nie deur ons bepaal nie, maar dit is in dit wat God geskape het, die mens, sy nageslag.

**Maleági** 2:15 Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van God gesoek.

**Jakobus** 3:8-9 Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif. 9 Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is.

Ten spyte van hoe ons gelewe het en hoe ons soms nog lewe, het ons 'n waarde en daardie waarde word bepaal deur *wie ons is* en **nie** *wat ons is* nie. Ons waarde is dus onveranderlik.

Ons waarde is nie in ons geleerdheid, posisie, finansies, gemeenskapsdiens, aanvaarding deur mense, ens. nie, maar **ons waarde is in wie ons is**.

***Ons is die nageslag van die Almagtige en ons is na sy beeld geskape. Wat die mense ook al van jou dink en wat jy ook al van jouself dink maak nie saak nie. Jou waarde is vir Vader hoër as sy eie lewe en daarom het Hy sy lewe gegee terwille van jou lewe.***

Yahshua se waarde was deur die wêreld bepaal en Hy het so min waarde gehad, dat hulle Hom doodgemaak het. As ons in sy voetspore volg, sal die maatstaf van die wêreld ons ook as nutteloos meet.

Omdat Hy ons waarde so hoog ag, en ons verlore is, het Hy met ons ‘n verbond gemaak om ons verlore toestand te kan verander in ‘n lewe van ewige vreugde saam met Hom. ***Hierdie lewe kan ons deelagtig word deur weer gebore te word.***